Hoërskool Schoonspruit

Waar almal tuis is

PROSPEKTUS

INHOUDSOPGAWE

	Bl.
‘n Waardegedrewe skool waar almal tuis is	2
Visie & Missie	3
Gedragskode	4
Skoolreëls: Organisatories	5
Algemeen/Kommunikasie Webblad / Facebook / School Communicator	15
Berader	15
Bekroningsfunksie	15
Kultuur	16
Sport	16
Akademie (Vakke wat aangebied word, ens.)	18
Skoolgelde	21
Merietebeurse	21

‘N WAARDEGEDREWE SKOOL WAAR ALMAL TUIS IS

‘n Skool word in 1955 gestig en ‘n halfeeu daarna is daardie skool steeds daar.

Jaarliks verlaat ‘n groep graad 12-leerders die skool en betree die wêreld na ‘n nuwe toekoms. Ons ontmoet hulle weer, die doktore, entrepreneurs, prokureurs, onderwysers, predikante, spesialiste, ambagsmanne, polisielede, verkoopspersoneel, bestuurders, verpleërs, hotelbestuurders – daar is te veel om op te noem. Hulle is die hele land vol…vandag is hulle selfs die hele wêreld vol!

Die Schoonies doen hulle deel en staan hulle plekke in die samelewing vol. Hulle presteer en behaal sukses. Hoe gebeur dit? Wat is die resep?

Die sleutel tot sukses in enige skool lê in die kombinasie van die faktore wat ‘n rol speel in die opvoeding van die leerder. In die tydperk wat die skool bestaan, het onderwysers en hoofde gereeld verwissel. Wat egter nooit verander het nie, is die basiese beginsels vir opvoeding wat geld in **Hoërskool Schoonspruit**. Die fondament vir toekomstige prestasie is die volgende:

- Toegewyde akademiese personeel, wat lief is vir die leerders en hulle vakke.
- Pragtige kinders, wie se gees werklik iets besonders is.
- ’n Bestuursliggaam, wat bestaan uit ouers, wat werklik die leerders en onderwysers se belange op die hart dra.
- Fasiliteite wat met die beste vergelyk.
- Toegewyde afrigters wat sport in die regte gees afrig.
- ‘n Tradisie van dissipline en werksaamheid wat oor jare heen gevestig is.
- Toekomsgerigte verandering in onderwysmetodes en vakinhoude.
- Die Christelike etos.

Ons glo onwrikbaar in die jeug van vandag. Ons glo dat die werklikheid van die veranderende samelewing as ‘n uitdaging eerder as ‘n onoorkombare probleem gesien moet word. Hierdie uitdaging noop ons om doelgerig aan te pas by die verandering om ons leerders voor te berei vir ‘n toekoms in Suid-Afrika. Daarom probeer ons altyd om innoverend oor die opvoeding van die leerders te dink, om die toekoms te ontleed en nou reeds aan te pas.

Hierdie prospektus is bloot die poging van mense om iets vir ander mense te doen. Dit is ‘n dinamiese dokument wat noodgedwonge aangepas gaan word soos ons groei.

Mag u dit goed vind om u kind aan ons toe te vertrou, mag u deel word van ons toegewyde ouerkorps en die volgende vyf jaar die geluk ervaar wat eie is aan die Schoonies.

In 1955 is daar ‘n skool gestig – mag dit vir altyd bestaan!

VISIE

Om ‘n Afrikaanse skool met Christelike etos te wees, wat doelgerig aanpas by die eise van die tyd sodat elke leerder toegerus kan word om 'n volwaardige landsburger te word.

MISSIE

Ons gaan poog om die visie te volvoer deur:

WERK

- op hoogte te bly van die nuutste opvoedkundige tegnologie;
- onderrigstrategieë aan te pas by die eise van die arbeidsmark;
- leerders bloot te stel aan die praktyk van hul vakke.

DIEN

- kulturele verdraagsaamheid by die leerders te kweek;
- deur middel van diensgroepe uit te reik na medemense;
- leerders bewus te maak van hul regte en pligte in die Suid-Afrikaanse samelewing.

LEWE

- leerders liggaamlik te ontwikkel deur gesonde kompeterende sportdeelname;
- leerders bloot te stel aan gesonde sosiale interaksie;
- kultuur-eie tradisie te onderhou en uit te bou.

AFDELING A

GEDRAGSKODE

Die gedragskode vir leerders van Hoërskool Schoonspruit.

Die volgende gedragskode moet gelees word tesame met die volgende wetgewing en die regulasies voortspruitend daaruit:

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Hoofstuk 2)
2. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/96)
3. Riglyne vir ‘n gedragskode vir leerders (Kennisgewing 776 van 1998)
4. Provinsiale regulasie oor skorsing.(Kennisgewing 5 van 2000 en ander provinsiale regulasies ten opsigte van wangedrag van leerders)
5. Die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27/1996)(Art 3(4)n)
6. Die Kinderwet

Die gedragskode word ook gefundeer in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing waarop die etos van die skool gebaseer is. Daar gaan gepoog word om onaanvaarbare gedrag te voorkom, eerder as om rehabiliterend op te tree.

Die doel van die gedragskode is om leerders se gedrag te reguleer by Hoërskool Schoonspruit. Dit is derhalwe opgestel in oorleg met leerders, ouers en opvoeders van Hoërskool Schoonspruit.

Hierdie gedragskode is op 2019 hersien.

DISSIPLINE

Hoërskool Schoonspruit wil deur die Gedragskode vir leerders poog om die volgende beginsels en waardes by leerders te vestig:

- **Verdraagsaamheid**
- **Respek vir:** Ander
  Eiendom
  Gesag
- **Selfrespek, lojaliteit, eerlikheid**
- **Selfwerksaamheid, flinkheid**
- **Sportmanskap**
- **Hoflikheid**
- **Netheid**
- **Verantwoordelikheid**
- **Demokrasie – Alle leerders het die demokratiese reg om deel te hê in besluitneming oor sake wat hul by die skool raak.**

Om saam te vat: Die totale mens word opgevoed en waardegedrewenheid eerder as prestasiegedrewenheid word vooropgestel.

Dissipline word toegepas om die leerder toe te rus met die nodige kennis en inbors, sodat die verskil tussen reg en verkeerd altyd duidelik sal wees. Die staat het die plig om onderwys beskikbaar en toeganklik vir almal te maak. Aanvullend moet daar toewyding en verantwoordelikheid by al die rolspelers wees. ‘n Gedissiplineerde leefwyse help die leerder groei tot volwassenheid.

Dissipline impliseer dat regte soms sal bots. Die kind, as individu, se regte en menswaardigheid soos beskryf in Die Handves van Menseregte (Hoofstuk 2 van die Grondwet) moet altyd gerespekteer word. In die geval van die skool word die regte van die individuele leerder gedurig opgeweeg teen die regte van die medeleerders en die onderwysers wat moet verseker dat onderrig en leer plaasvind in die klas. Groepsbelang (die doelgerigte onderrig en leersituasie in SHS) sal soms die swaarste weeg.

Die toepassing van dissipline (ordereëlings) word deur die VLR (onder leiding van die VLR-voogde), sowel as die personeel behartig. Straf word egter slegs deur die personeel en die dissiplinêre komitee van die Bestuursliggaam toegepas.

SKOOLREËLS HET DIE VOLGENDE TEN DOEL:

1. Dit skep 'n veilige omgewing, waarin leerders kan leef en floreer.
2. Dit reguleer die netheid van leerders.
3. Dit promoveer dissipline en selfdissipline.
4. Dit moedig goeie gedrag aan.
5. Dit moedig pligsgetrouheid aan.
6. Dit sorg vir die flinke wisseling, sodat onderrigtyd optimaal gebruik kan word.
7. Dit sorg vir 'n akademiese atmosfeer waarin leerders veilig en geborge voel en waarin hulle doelgerig kan leer.
8. Dit is te alle tye onderhewig aan die landswette en leer ook die leerder om as wetsgehoorsame burger saam te werk tot voordeel van Suid-Afrika as geheel.

SKOOLREËLS: ORGANISATORIES

1. SKOOLTYE EN AANTREE OP VIERKANT

Die leerders moet reeds teen 7:20 op die aantreeblad wees. Die skool word soggens binnegekom deur te stap en niemand word binne afgelaai nie. Leerders wat afgelaai is, gaan die skoolterrein binne en mag nie die skoolterrein verlaat, voordat die klok om 13:45 gelui het nie. Die skooldag word om 13:45 deur 'n gemeenskaplike gebed afgesluit, waarna die klok lui.Die ouers met voertuie mag die terrein smiddae binnekom by die westelike hek by die B-velde. Leerders mag daar opgelaai word.

Elke skooldag begin in die vierkant. Wanneer die VLR die skool tot orde roep, moet daar stilte wees, sodat die opening kan plaasvind. Daar sal te alle koste goeie orde wees. Toon respek aan die persoon wat praat.Die leerders verdaag in rye af, sodat daar nie te veel leerders op die trappe sal wees nie. (Dit sal sorg dat ongelukke en beserings nie plaasvind nie.)Geen besoeke aan die kleedkamers nie Slegs die VLR-lede mag tydens die voogperiode op die stoepe wees met amptelike werk. Na pouses word daar nie weer aangetree nie, maar die skooltasse moet netjies op die aantreeblad gelaat word, sodat dit opgepas kan word. Geen leerder mag in skooltyd op die stoepe wees, sonder 'n identiteitsplaatjie van die onderwyser waar hy/sy moet wees nie.Die badkamers sluit na pouse.

2. MAANDAG: SAAL

Die week begin in die saal met opening deur 'n persoon wat spesiaal gereël word vir die geleentheid. (Skooltasse bly in die vierkant waar die VLR dit oppas). Goeie gedrag is dus essensieel aangesien die leraar weggaan as 'n ambassadeur vir die skool. Leerders moet ten alle koste saamwerk en diegene wat ongedissiplineerd optree, word deur die personeel en VLR-lede geïdentifiseer. Herhaalde oortreders mag die opening geweier word, aangesien dit die reg van elke leerder is om ongestoord na die boodskap te luister. Indien

dit teen iemand se geloof is om die Christelike opening by te woon, moet daar d.m.v. 'n brief (van die ouers) aansoek gedoen word vir toesig in die spesifieke tydgleuf.

3. KLASKAMERBESTUUR

3.1 KLASKAMER

Elke periode begin met die neem van die perioderegister. Die klaskamer is die domein van die vakonderwyser en die bestuur daarvan is daarop gerig om doelgerigte onderrig en leer moontlik te maak. Daar is riglyne vir klaskamerbestuur wat deur die onderwyser nagekom moet word en die leerders is verplig om daarby in te val. Elke leerder wat die klasse ontwrig, word versoek om die klas te verlaat, sodat die ander leerders deurlopend daarby kan baat om in die klas te wees.So 'n leerder meld by die hoof aan en mag slegs weer in die klas toegelaat word, sodra die leerder 'n briefie van die hoof kan toon. Leerders wat klasse ontwrig (nadat 'n mondelingse waarskuwing gegee is,) word na die bestuur van die skool gestuur, waar 'n waarskuwing aan hom/haar gegee sal word - 'n groenkaartinskrywing word gedoen. Herhaalde klasontwrigting sal in 'n tugverhoor eindig, aangesien akademie die kernbesigheid van die skool is.

3.2 HANDBOEKE

Handboeke en skrifte is die kern van die leermateriaal en word deur leerders ter voorbereiding vir die eksamen gebruik. Handboeke is baie duur en ***moet*** deur die leerders versorg word deur dit netjies met plastiek oor te trek. Verder moet die leerders se tasse beskerming aan die boeke verleen. Indien die leerders nie hierdie voorskrifte nakom nie, sal die boeke weggeneem word en kan hy/sy self boeke by die verskaffers koop. Boeke wat verniel word, sal teen die leerder se naam gefaktureer word (teen vervangingswaarde).

3.3 HUISWERK

Huiswerk is gerig op die vestiging van leerinhoude en is die verantwoordelikheid van die leerder. Herhaalde huiswerkversuim word deur die onderwyser aangeteken. Die ouer sal d.m.v. 'n brief/telefoonoproep of sms in kennis gestel word, indien dit 'n probleem word. Ouers kan versoek word om die skool te besoek vir 'n intervensiegesprek, indien die leerders nie gehoor gee aan oproepe om huiswerk te doen nie.

3.4 ELEKTRONIESE APPARAAT

Geen elektroniese apparate (uitgesluit die voorgeskrewe sakrekenaar) word in klasse toegelaat nie. iPod, MP3, luidspreker of enige draagbare musiekspelers mag glad nie skool toe gebring word nie. Dit sal gekonfiskeer word en aan die hoof oorhandig word. 'n Boete van R100.00 sal betaal word om 'n gekonfiskeerde selfoon terug te kry. Die boetegeld word in die hulpfonds vir behoeftige leerders inbetaal. Selfone mag wel by die skool wees (op eie risiko), maar moet afgeskakel wees tot en met die skool se sluitingstyd. Indien ouers dringend met die leerder wil kontak maak, kan dit deur die kantoor gedoen word. Selfone wat by herhaling gekonfiskeer word, sal tot die einde van die kwartaal in die kluis bly.

3.5 SENTRUMS

Die rekenaarlokale, hotelkombuise, tegnologie-sentrums, binnenshuise krieketnette, die gimnasium en die laboratoria het unieke reëls wat sigbaar opgeplak is. Hierdie reëls reguleer die veiligheid van die leerders en moet stiptelik nagekom word. Oortreding van hierdie reëls sal lei tot straf soos uiteengesit in afdeling B, 1.15.

4. TOEGANGSBEHEER

Leerders woon die skool by in die voorgeskrewe skooldrag soos uiteengesit in die afdeling oor kleredrag en voorkoms. Laatkommery is ontoelaatbaar en herhaalde oortreders sal aangespreek word soos vervat in afdeling B, 1.18 .

Alle hekke van die binne-heining sal soggens om 7:25 gesluit word. Laatkommers sal dan slegs deur die voorportaal van die skool toegang kan kry. 'n VLR-lid sal die laatkommers se name kry en dadelik deurgee na die administratiewe personeellid wat daarmee werk, sodat dit elektronies aangeteken kan word. Leerders wat voogperiode mis sal as afwesig hanteer word, al is hulle die res van die dag aanwesig.

Slegs ingeskrewe lede van die skool mag tydens die skooldag op die terrein wees. Daar mag geen ongekontroleerde kontak tussen die leerders en ander/vreemde mense op die skoolterrein wees nie. **Alle** kontak word deur die kantoor gereël. Leerders wat die skool moet verlaat, word uitgeteken deur die ouers/voogde, nadat die ouer/s telefonies met die kantoor gereël het. **Leerders wat vooraf bewus is dat hulle die skool moet verlaat (bv. doktersafspraak en nie sodat ouers vroeër met vakansie kan gaan nie.), se ouers moet 'n inskrywing maak in die leerder se huiswerkboekie.** Die beheerpersoneel teken daarby. Die leerder meld self op die bestemde tyd aan deur sy boekie vir die personeellid te wys. Die VLR-lid kry 'n briefie wat deurlopend getoon word by die verkillende klasse dat die leerder nie sonder verskoning afwesig is nie. Ouers word versoek om ook 'n brief wat geliasseer word te skryf.

Enige leerder wat die skool sonder toestemming verlaat, sal hom-/haarself blootstel aan 'n ernstige waarskuwing wat kan lei tot uitsluiting indien die gedrag herhaal word. Leerders wat periodes ontduik, sal gestraf word soos vervat in afdeling B, 1.12.

5. AFWESIGHEID

Afwesigheid word deur 'n mediese sertifikaat gestaaf. Indien 'n leerder afwesig is sonder 'n mediese sertifikaat, moet die ouers skriftelik verskoning maak. Geen toetse sal herskeduleer word nadat die leerder teruggekeer het nie. Slegs leerders met 'n mediese sertifikaat sal as *afwesig* aangedui word en geen penalisasie van punte sal plaasvind nie. Leerders wat andersins toetse mis, sal outomaties 0% kry vir die toetse wat wederregtelik gemis word. Ouers wat leerders voortydig uit die skool neem, (aan die einde van 'n kwartaal) sal aanspreeklik wees vir die 0% wat aan die leerder toegeken word. ***Geen*** toetse/eksamens sal herskeduleer word nie. Leerders sal departementeel aangemeld word, indien hulle 5 dae sonder verskoning afwesig is. Leerders kan ook gederegistreer word na 10 agtereenvolgende dae se afwesigheid sonder verskoning.

6. AFSLUITING AAN DIE EINDE VAN DIE DAG

Afsluiting aan die einde van die dag vind plaas deur middel van die interkom. 'n Dagbestuurslid afsluit af deur afkondigings te lees en 'n gebed te doen. Daar word van leerders verwag om na die afkondigings te luister en daarna kan boeke weggepak word. Leerders mag eers die klas verlaat, nadat die klok gelui het.

7. NOODPLAN IN KORT

Een lang toon van die klok: Val plat, bly in klas, beweeg na mure en wag vir 'n afkondiging of wag vir verdere opdrag.

Drie kort tone wat herhaal word: Ontruim die skool deur in rye te stap na die A-rugbyveld waar almal in klasverband (soos vir die vak waar hulle was) aantree. Niemand mag hardloop nie. Die vakpersoneellid moet dadelik die teenwoordigheid van al die leerders kontroleer deur middel van die perioderegister.
Enige leerder wat hierdie instruksies verontagsaam (ook tydens 'n oefening) sal deur die onderwyser by die bestuur aangemeld word, sodat hy/sy volgens die prosedures, soos vervat in afdeling B 1.15, hanteer kan word.

8. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

Skooldrag moet gedurende skoolure en skoolaktiwiteite gedra word.
Skooldrag bring eenvormigheid wat absoluut noodsaaklik is
Leerders se skooldrag en persoon moet te alle tye netjies en skoon wees.

MEISIES:

Skooldrag SOMER: Maandag tot Vrydag:

Rok:	Voorgeskrewe skoolrok
Kouse en skoene:	Slegs wit enkelsokkies (omvou) en swart skoolskoene (veters of bandjie)
Trui:	Voorgeskrewe oortrektrui en/of skooltrui
Skoolkleurbaadjie.	Word by somersdrag toegelaat.Let wel geën sweetpakbaadjie/wintersbaadjie of sportbaadjie mag gedra word nie.

MEISIES

Skooldrag WINTER: Maandag tot Vrydag:

Romp:	Voorgeskrewe donkerblou (navy) skoolromp
Langbroek:	Donkerblou langbroek
Hemp en das:	Wit langmou-toeknoop hemp en voorgeskrewe skooldas
Kouse en skoene:	Donkerblou (Navy) diggeweefde sykouse(tights) swart skoolskoene Geën ander kleur sykouse/diggeweefde sykouse word aanvaar nie. Geën gewone sykouse mag gedra word nie.
Trui:	Voorgeskrewe oortrektrui of skooltrui.
Baadjie:	Kleurbaadjie asook wintersbaadjie (opgestop)/sweetpakbaadjie mag gedra word

SEUNS

Skooldrag SOMER: Maandag tot Vrydae

Broek:	Grys kortbroek met swart gordel
Hemp en das:	Wit kortmouhemp met of sonder sakwapen op en das
Kouse en skoene	Grys skoolkouse en swart toerygskoene (geen gespeskoene of insteekskoene nie)
Trui:	Oortrektrui (pull-over) en/of skooltrui
Serp:	Slegs skoolserp gedra volgens voorskrif

Skoene moet poleerbaar wees.Maandae dra die seuns ‘n hemp met ’n das (saalopening).

Skooldrag WINTER: Maandag tot Vrydag

Broek:	‘n Grys langbroek met swart gordel,
Hemp en das:	Wit langmouhemp met of sonder sakwapen en das
Trui:	Skooltrui en of oortrektrui
Baadjie:	Skoolkleurbaadjie/skoolwintersbaadjie(opgestop)of sweetpakbaadjie mag gedra word gedra.
Serp:	Slegs skoolserp gedra volgens voorskrif

Skoene moet poleerbaar wees.Maandae dra die seuns ‘n hemp met ’n das (saalopening).

Sportbyeenkomste MOET in skooldrag ondersteun word.Leerders in siviele drag sal nie by sportgeleenthede toegelaat word nie.

KLERE DRAG VIR SPORTGELEENTHEDE SEUNS EN DOGTERS

SHS-gholfhemp
SHS-sportbroek
SHS-wit kouse
SHS- sweetpak
Oorwegende wit tekkies

Gedurende die winter mag die dik, opgestopte SHS-baadjie ook gedra word.
'n Skooltrui mag gedra word, maar nie sonder die sweetpakbaadjie nie.
Let wel: Die skooloortrektrui mag wel saam met die sweetpakbroek of SHS-sportbroek gedra word.

KLEREDRAG VIR T0ESKOUERS

Sportbyeenkomste MOET in skooldrag ondersteun word.
Op versoek van die hoof mag die leerders per geleenthei/byeenkoms die volgende klere dra:

SHS-gholfhemp
Denim (netjies/donkerblou/nie uitgerafel nie)
Tekkies oorwegend wit
Dogters mag donkerblou/wit/swart "pumps" dra

KLEREDRAG VIR SPORTSPANE

Elke sportsoort het 'n unieke drag wat vervat word in die sportsoort se regliment-dit word jaarliks gersien
Slegs eerstespanne se kleredrag mag van jaar tot jaar verander
Res van die spanne dra gewone voorgeskrewe drag
Provinsiale en sportspanbaadjies (eerstespanne) mag net op Maandae en Vrydae gedra word
.

VOORKOMS: MEISIES:

Hare Hare moet te alle tye netjies en skoon wees.
Lang hare (sodra hare oor die kraag hang) en lang kuiwe moet vasgemaak word (geen slierte wat uitval nie).
Hare mag gekleur/sonstrepies in hê, mits die sonstrepies slegs een skakering ligter of donkerder as die natuurlike haarkleur is.Onnatuurlike kleure, of 'n verskeidenheid kleure is nie toelaatbaar nie.
Rekkies en knippies is nie versier met allerande afbeeldings soos vlinders of blomme nie. Rekkies is swart, navy, wit of bruin. Haarbande sal net as haarband oor die hare gedra word en nie oor die voorkop nie en mag donkerblou of wit wees.
Linte mag slegs wit & donkerblou wees. geën groen rekkies en linte nie!

Naels: Naels mag nie langer as 2 mm wees nie. KLEURLOSE naellak word toegelaat. (GEEN skakerings nie).

Juwele: Slegs 'n horlosie, klein oorringetjies (nie groter as 'n 10c stuk nie) of knoppies (nie groter as 5mm nie) pêrel oorbel (nie groter as 5mm nie) en 'n Medic-Alert kenteken mag gedra word. Horlosie MAG NIE TIERLANTYNTJIES soos GELUKBRINGERS, ens. hê nie EN DIT MAG NET EEN [1] BANDJIE hê.

Grimering: **Geen** oogpotlood/omlyner of maskara is toelaatbaar nie. Onderlaag sal toegelaat word op meriete en is onderworpe aan die goedkeuring van die Dagbestuur. (Mev. Swart en mev. Van der Walt sal hier van hulp wees).

GEEN SIGBARE TATOEËER MERKE WORD TOEGELAAT NIE.

VOORKOMS: SEUNS:

Hare: Hare moet te alle tye netjies, skoon en kort wees (oop ore, kuif 1cm bo wenkbroue).
Die amptelike haarstyl vir seuns is die "square cut" en geen vreemde haarstyle sal toegelaat word nie.
Seuns se hare moet kort gesny wees aan die kante. Bo, nie langer as 4cm nie en géén paadjie ingesny nie.Die boonste en onderste hare moet in mekaar invloei. Die boonste hare mag nie oor die onderste hare hang nie.
Haargel mag gebruik word om hare wat baie kort is te stileer.
Seuns se hare mag een skakering ligter of donkerder gekleur word, maar sonstrepe en onnatuurlike kleure mag nie gebruik word nie.

Naels: Seuns se naels moet te alle tye kort en skoon wees.
Seuns moet te alle tye skoon geskeer wees.

Juwele: Geen juwele, (uitgesonderd Medic Alert kentekens en 'n horlosie) mag gedra word nie.

GEEN SIGBARE TATOEËER MERKE WORD TOEGELAAT NIE.

GEEN ARMBANDJIES WAT 'N SPESIFIEKE GELOOF BEVORDER, MAG GEDRA WORD NIE.

ALLE LEERDERS MOET TEN ALLE TYE VOLDOEN AAN DIE GEDRAGSKODE AANGAANDE VOORKOMS. ALLE LEERDERS WORD AFGERAAI OM TATOEËERMERKE TE LAAT AANBRING.

AFDELING B

PROSEDURE VIR DIE TOEDIENING VAN STRAF

Herhaalde oortreding van die gedragskode sal lei tot die permanente uitsluiting van die leerder nadat die volgende prosedure gevolg is. Die prosedure word nie noodwendig chronologies gevolg nie – sien die afsonderlike oortredings.
Ernstige oortredings kan lei tot 'n summiere tugverhoor.

Stap 1: Mondelinge waarskuwing en groenkaartinskrywing – ouer mag geskakel word indien dit nodig blyk te wees. Leerders mag gevra word om te teken by die inskrywings in die groenkaart of in die onderwyser se strafboek.

Stap 2: 'n Eerste skriftelike waarskuwing wat deur die ouers/voogde geteken moet word. Ouers kan ook net geskakel word, en die oproep word in die groenkaart aangeteken.

Stap 3: Laaste skriftelike waarskuwing wat die ouers/voogde oproep om saam met die leerder voor die dissiplinêre komitee van die bestuursliggaam te verskyn. Die verhoor kan een van twee vorme aanneem:

- Ten eerste is daar die **tuggesprek** wat daarop gemik is om die leerder se gedrag te verander.
- 'n Finale waarskuwing, geldig vir een jaar, mag gegee word.
- Tweedens kan dit 'n **formele tugverhoor** wees waar daar ook 'n finale waarskuwing gegee word wat geld vir een jaar, of waar die leerder versoek word om die skool te verlaat en die saak dan aan die Noordwes Onderwysdepartement oorgedra word vir uitsluitsel. Die

dissiplinêre komitee doen ‘n aanbeveling by die NW Onderwysdepartement dat die leerder permanent ontslaan word uit die skool. Die BL kan ook ‘n ander minder ernstige aanbeveling doen.

Indien ’n leerder se optrede (bv. onbeheersde aggressie of betrokkenheid by dwelms) as ’n gevaar vir medeleerders gereken word, kan die hoof of disiplinêrekomitee besluit om die leerder summier vir seweskooldae van alle skoolaktiwiteite te skors. Die skorsing kan verleng word, totdat die formele tugverhoor plaasvind, maar die verhoor moet binne swew dae na die skorsing plaasvind.

Indien ’n tugverhoor plaasgevind het en die leerder of sy ouers is nie tevrede met die verloop van die verhoor nie, mag daar appèl by die onderwysminister (MEC) van die provinsie aangeteken word.

BERADING: Enige leerder mag na die goeddunke van die dissiplinêre komitee verwys word vir berading by die skool se sielkundige of iemand wat ’n privaat praktyk het.

DIENSLEWERING:

Leerders mag gestraf word deur dienslewering by die skool aan hulle toe te ken. Dienslewering sal daarop gemik wees om die leerders se gedrag positief te verander en nie om die leerders te verkleineer of af te kraak nie. Voorbeelde van dienslewering is stoepe vee, terrein skoonmaak en hekkies skuif by die atletiek ens.

AKADEMIESE-DETENSIE:

Baie leerders versuim om gereeld huiswerk te doen. Soms word take ook nie betyds ingedien nie. Sulke leerders mag verplig word om op ’n Vrydag na skool agter te bly om hulle huiswerk te voltooi of om take af te handel. Leerders wat nie opdaag nie, sal saam met hulle ouers voor die BL se tugkomitee gedaag word.

INTERVENSIEGESPREK:

Leerders wat die gedragskode oortree mag saam met hulle ouers versoek word om voor 'n intervensiekomitee te verskyn. Die komitee sal bestaan uit personeel wat betrokke is by die leerders se onderrig of aktiwiteite. Die doel van die intervensiegesprek is om die ouers bewus te maak van onaanvaarbare gedrag en akademiese versuim of onderprestasie. Indien die leerder nie verbeter na die gesprek nie, mag daar 'n dissiplinêre verhoor volg.

1. GEDRAG WAT TOT STRAF SAL LEI

Die volgende oortredings word in ‘n baie ernstige lig gesien aangesien dit deur wetgewing beheer word. Die NW Onderwysdepartement het ook baie sterk standpunt daarteen ingeneem. Hierdie oortredings het die stappe soos aangedui tot gevolg en hierdie dokument word reeds as die mondelingse waarskuwing beskou.

1.1 KLASONTWRIGTING (1,2,3)

Enige leerder wat onderrigtyd in beslag neem deur:

- Klasontwrigting.
- Medeleerders verhoed om doelgerig les te kry,

sal na een van die dagbestuurslede gestuur word, sodat hy/sy gestraf kan word.

1.2 INTIMIDASIE VAN ONDERWYSER (3)

- Aggressiewe gedrag teenoor onderwyser: Intimidasie van onderwyser soos: parmantigheid, terugpratery, oneerbiedig, minagting, aggressiewe houding, dreigemente, vloek (Outomatiese uitsluiting van sewe dae en dissiplinêre verhoor)

1.3 ROOK (3)

- Rook op die terrein, in skooldrag elders rook, bystaan of na rook ruik.
- In besit wees van enige voorwerp wat verwant is met rook.
- E-sigarette asook “vape en vape-olies” word ingesluit.

1.4 DWELMMIDDELS (3)

- In besit wees, gebruik, handel dryf of positief getoets word daarvoor.
- Opkikkers in bloed soos deur sportliggame afgekeur.
- Bystaan waar dit gebruik word of kennis dra daarvan.
- "Hubbly"-pype word hierby ingesluit.
- Enige alkoholiese drank word hierby ingesluit.

1.5 BESIT VAN GEVAARLIKE WAPEN (1 – 3)

1.6 PORNOGRAFIE / SEKSUELE TEISTERING (3)

- In besit wees, vir ander wys, verkoop, op selfoon hê.
- Ander leerders te teister deur dit te vertoon of sekspraatjies te maak.
- Ontbloting van enige aard.
- Betasting van seksuele aard.

1.7 AFKNOU VAN EN BAKLEI MET MEDELEERDERS (1 – 3)

- Aanranding, boelie (fisiek en emosioneel). (3)
- Skinderveldtog begin.
- Laster / vloek in die algemeen.
- Baklei op sportveld – vloek op opponente/skeidsregter. (3)

1.8 HAATSPRAAK (1 – 3)

- Rassistiese uitsprake.
- Enige uitspraak wat as haatdraend gesien kan word (bv. ernstige vloektaal)
- Godsdienstige haatspraak.

1.9 DIEFSTAL (3)

- Diefstal van enige aard.
- Deel wees van die groep wat diefstal pleeg.
- Kennis het oor wie skuldig is, maar stilbly.

Geen aanspreeklikheid word deur skool aanvaar vir die beveiliging van waardevolle artikels soos selfone nie.

1.10 ONEER BRING AAN DIE SKOOL SE GOEIE NAAM (1 – 3)

- Enige gedrag wat deur die Dissiplinêre Komitee beoordeel word dat dit oneer aan die skool se naam bring.

1.11 OPSETLIKE SAAKBESKADIGING (3)

- Vandalisme van enige aard, op banke krap, graffiti, ruite breek, brandblussers spuit ens.

1.12 SKOOLONTDUIKING, LAATKOM BY DIE SKOOL (1,2,3)

1.13 ONEERLIKHEID IN TOETSE EN EKSAMENS (1,2,3)

Die leerder kry outomaties 0 vir alle afgehandelde antwoorde – die res van die vraestel word wel gemerk, indien hy/sy uitgevang sou word.

1.14 AFSKRYF VAN WERK, ingesluit die inhandiging van iemand anders se werk. (1,2,3)

1.15 ONVERSKILLIGHEID (1,2,3)

- Onverskillig met voertuie ry op die terrein. (Slegs leerders met 'n geldige bestuurslisensie sal op die skoolterrein met voertuie toegelaat word.) (2,3)
- Om byvoorbeeld met 'n klip te gooi/ sweep te klap of enigiets met opset te doen wat 'n ander leerder kan beseer.
- Om vuurwerke (klappers ingesluit) te besit/gebruik.

- Om die reëls in sentrums te verontagsaam en sodoende medeleerders in gevaar te stel.

1.16 OKKULTE BEDRYWIGHEDE WAT OORSPOEL NA DIE SKOOL (1,2,3)

1.17 VRYERY, HANDE VASHOU, OPENBARE ONSEDELIKHEID (1,2,3)

1.18 HERHAALDE OORTREDING VAN DIE ORDEREËLINGS (1,2,3)

Hierdie afdeling sluit in, maar is nie beperk tot . . .

- Laatkommery.
- Verkeerde toesig bywoon.
- Voorkoms (hare en ongeskeer).
- Verkeerd aantree en wissel, verkeerde kleredrag.

1.19 HUISWERKVERSUIM (1,2,3)

- Ouers word in kennis gestel.
- Herhaalde oortreders word d.m.v. 'n oueronderhoud aangespreek en mag akademiese detensie kry.

1.20 OM SONDER VERSKONING VAN OEFENINGE/WEDSTRYDE WEG TE BLY (2,3)

1.21 SELFOON (1,2,3)

- Met 'n selfoon besig wees gedurende skoolure. Die selfoon word gekonfiskeer en die leerder betaal R100.00 boete aan die hulpfonds.
- Enige elektroniese apparaat by 'n leerder. (In die eksamen sal dit as 'n poging tot oneerlikheid gesien word).
- Geen leerder wat siek is, mag self ouers bel nie. Die siek leerder meld by die kantoor aan, sodat die omvang en aard van die siekte bepaal kan word, waarna die ouer/dokter/ambulans geskakel sal word.
-

1.22 AANBRING VAN TATOEËERMERK (1,2,3)

- Tatoeëermerke moet toegeplak word.

Alle reëls soos hierbo vervat, geld ook vir uitstappies, toere, sport-, sosiale- en kulturele geleenthede wat amptelik deur die skool gereël is. Leerders wat oortree, word summier op die ouers se onkoste terug huis toe gestuur.

2. LEERDERS MOET KENNIS NEEM VAN DIE VOLGENDE TWEE BELANGRIKE PUNTE

2.1 DEURSOEK VAN LEERDERS

DEURSOEK VAN LEERDERS MAG PLAASVIND WANNEER DAAR REDELIKE SUSPISIE IS DAT DAAR DWELMS / GEVAARLIKE WAPENS OF ENIGIETS ANDERS AAN 'N PERSOON OF IN 'N SKOOLTAS VERSTEEK IS, WAT DIE LEERDERS IN GEVAAR KAN STEL. PERSOONLIKE DEURSOEKING VIND PLAAS IN PRIVAATHEID EN DEUR 'N PERSOON VAN DIESELFDE GESLAG. DEURSOEKING IS BEPERK TOT TASSE, KLERE EN SLUITKASSIES EN NIE DIE LIGGAAM VAN DIE VERDAGTE NIE. DIE POLISIE MAG OP ONGEREELDE TYE DIE HELE SKOOL DEURSOEK**.**

2.2 GRIEWE-PROSEDURE / KOMMUNIKASIEKANALE

By Hoërskool Schoonspruit is elke leerder geregtig om direk met die hoof te gesels oor enige probleem. Leerders word egter aangemoedig om eers die volgende kanaal te volg:

2.2.1 VLR-lid
2.2.2 Voogonderwyser of die ABBA-voog (Mev. Niemandt)
2.2.3 Graadhoof
2.2.4 Adjunkhoofde
2.2.5 Hoof

Sake sal deur die VLR-Voorsitters na die BL geneem word, mits dit op 'n VLR-vergadering geopper en genotuleer is.

Leerders wat 'n klag van enige aard wil lê, moet van die **voorgeskrewe vorm** gebruik maak. Die vorm is in die **algemene kantoor beskikbaar**. Die verklaring moet **geteken wees deur die klaer en ooggetuies,** indien daar is. Die **datum** moet ook reg aangebring word in die spasie wat daarvoor gelaat is. Die verklaring word direk by die **hoof** ingehandig. Daar sal so gou moontlik terugvoering gegee word.

Die gedragskode word jaarliks hersien na konsultasie met leerders, ouers en die onderwysers.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

KULTUUR

- REDENAARSKOMPETISIES
- PUBLIC SPEAKING
- SIMFONIESE BLAASORKES
- REVUE
- SÊR
- TONEELOPVOERING
- MUSIEK - BUITEMUURS

SOSIALE KALENDER

- SOKKIES
- TOERISME- EN GEOGRAFIETOER
- UITREIKAKSIES
- VALENTYNSBAL
- MNR. & MEJ. SCHOONIE
- C.S.V.
- BRAVE HEART-DAG
- BLOEDSKENK
- HOOF SE TEE
- RESTAURANTAAND
- ABBA (Almal Betrokke By Almal – berading vir leerders met emosionele probleme)
- SCHOONIE'S GOT TALENT
- VINNIGE VLEISIE
- SCHOONIE'S GOT TALENT
- SCHOONIE LEWE

ALGEMEEN

- **KOMMUNIKASIE:** Kommunikasie met die ouers is vir ons baie belangrik.
  - Webblad: www.schooniehs.co.za
  - Facebook: Hoërskool Schoonspruit
  - School Communicator: www.school-communicator.com\download.php
    Download die d6 School-communitor. Kies skool, Hoërskool Schoonspruit, en volg dan die instruksies.
- **BERADER**
  Tienerwees het sy eie uitdagings. Die berader is gratis beskikbaar om die Schoonies te begelei wanneer daar krisisse is.

- **BEKRONINGSFUNKSIES**
  - Akademie (aan die begin van die jaar)
  - Sport

SPORT

1. INLEIDING

Sport is primêr daar vir ontspanning, liggaamlike ontwikkeling, spangees en karakterbou. Dit is vanuit hierdie hoek wat Hoërskool Schoonspruit sport aanbied. Die kind se opvoeding is die spil waarom sportafrigting gaan en daarom word wen nie die alfa en die omega van sport nie. Ons speel altyd om die beste te lewer en wen gereeld. Om te alle tye te wen, plaas te veel druk op leerders en dit bring ongewensde praktyke mee wat nie eties aanvaarbaar is nie. ***Hoe ons deelneem, is belangriker as die uitslag van die wedstryd!***

2. ATLETIEK

Atletiek word jaarliks aangebied sodat leerders hulle volle potensiaal kan bereik wat hulle atletiese vermoëns betref. Die aanstelling van professionele atletiekafrigters beklemtoon die feit dat ons ernstig is oor die verbetering van ons atletiek, maar ook sport in die algemeen.

SHS neem jaarliks deel aan die Inter, waar ons teen skole van ons eie portuur meeding. Die Schoonies is bekend vir die goeie gees op die paviljoen. Alhoewel daar jaarliks atlete is wat Noordwes verteenwoordig, beoog ons om met behulp van die intensiewe gimnasiumprogramme en gespesialiseerde afrigting in die toekoms nog groter sukses te behaal.

3. RUGBY

Jaarliks word nege spanne vir die plaaslike liga ingeskryf. SHS neem deel aan die medium skole liga, sowel as die **PUK 16-Superreeks, FNB Classic Clashes, Borg dae.** Jaarliks speel baie spanne in die Noordwes-finaal.Die SHS spelers word gereeld in Noordwesspanne opgeneem. Van die spelers wat na skool in provinsiale spanne opgeneem is, is Carel Greeff (Griekwas en Cheetahs (Super 15 span) sowel as Marno Redelinghuys (NWU PUK en Luiperds) en WP (Curriebeker).

4. NETBAL

Met die mooiste bane in die provinsie, speel die Schoonies ook die mooiste netbal. Daar word deelgeneem aan die **PUK 16-Superreeks, FNB Classic Clashes, Borg dae en die Klerksdorp-liga.** Puik buite-afrigters kombineer met die SHS personeel, en daar word gedugte spanne geskep wat moeilik geklop kan word.

5. HOKKIE

SHS neem deel aan die **PUK 16-Superreeks, FNB Classic Clashes, Curro 7's, Borg dae, Klerksdorp- en Noordwes-liga en die Hokkie-Aandreeks.** Die hokkie kompeteer goed in die mediaskole-liga. Al vyf meisiespanne het aan die kwart- en semifinaal van die Noordwes-liga

deelgeneem. Die goeie veld onder die ligte, stel ons in staat om nog beter afrigting te verskaf. Daar is vyf meisies-hokkiespanne en ‘n senior en ‘n junior seunsspan. Die hokkie-aandreeks wat jaarliks plaasvind, is ‘n hoogtepunt op die Klerksdorp hokkie-agenda. Tydens hierdie reeks word vriendskappe tussen leerders van verskillende skole gesmee.

6. TENNIS

Tennis word op Woensdae afgerig. Leerders het toegang tot ‘n professionele afrigter op eie koste. Op hierdie stadium word daar in vier ligas meegeding, maar as die belangstelling aanhou groei soos vanjaar, behoort ons volgende jaar meer spanne te hê. Die bane is pragtig en die spanne het vanjaar baie goed gevaar in die onderskeie ligas. Leerders het te alle tye toegang tot die bane.

7. GHOLF

Met gholf, wat al hoe gewilder word, speel meer kinders elke jaar. Ons het twee spanne wat in die liga speel. Ons gholfspan het al in die verlede as Noordweswenners uit die stryd getree. Ons glo dat hulle in die toekoms van krag tot krag sal gaan. Gholf word hoofsaaklik as individuele sport beoefen omdat leerders op hulle eie by die klub speel.

8. KRIEKET

Daar is vier seunspanne en een meisiespan. Die opgegradeerde buitenette is daagliks beskikbaar vir leerders wat wil oefen. Die meisiespan oefen flink en daar word gereeld meisies in provinsiale spanne opgeneem. Op Woensdae word daar Krieketakademie aangebied.

9. SKAAK

“Schoonie-skaak is skokkend goed!” ‘n Effens oordrewe stelling, maar dit is hoe mens voel as jy hoor hoe hulle presteer. Skaak word as volwaardige sportsoort beoefen en ons is trots op ons spelers.

10. LANDLOOP

Landloop word in die tweede helfte van die winter na ’n hoogtepunt gedryf. Leerders het toegang tot ons eie afrigters maar die meeste oefen by hulle eie afrigters. Die Noordwes-Liga vind plaas oor verskeie Saterdae en op verskillende plekke. Baie leerders word jaarliks in provinsiale span opgeneem om aan die S.A.Kampioenskappe deel te neem.

11. KONDISIONERING : GIMNASIUMWERK

Kondisionering in die gimnasium word vir beide die dogters en seuns aangebied. Dit is gratis. Dit kan in spanverband plaasvind, maar ook individueel. Die gimnasium is oop daagliks tot en met 17:00 en ook in die vakansies soos gereël met die instrukteur. Omdat die gimnasium nie alle leerders gelyk kan akkommodeer nie, word die leerders versoek om per afspraak en in spanverband te oefen. Die doel van kondisionering is om die leerders fiks en sterk en soepel te maak sodat hulle beter kan presteer en ook minder beserings sal opdoen.

OEFENTYE: MAANDAG, DINSDAG EN DONDERDAG

- **NETBAL** : **14:15 of soos deur afrigter gereël**
- **RUGBY** : **14:15 Juniors**
  : **16:00 Seniors**
- **HOKKIE** : **14:00 – 15:30 0/14 Meisies**
  : **14:00 - 15:30 0/15 Meisies**
  : **14:30 - 16:00 0/16 Meisies**
  : **14:30 – 16:00 1ste Meisies**
  : **14:15 – 15:30 2de Meisies**
  : **14:00 – 15:30 Seuns**
- **KRIEKET** : **14:15 Juniors seuns en Meisies**
  : **16:00 Senior Seuns**

- **SKAAK : Woensdae soos deur afrigter gereël**
- **TENNIS : Soos deur afrigters gereël**
- **ATLETIEK: Daagliks vanaf 14:15. Alle items word gelyk afgerig en atlete moet voorsiening maak om by meer as een item uit te kom**

LET WEL: Tye onderhewig aan verandering na gelang van behoeftes.

ANDER AKTIWITEITE

- **GEOGRAFIE-TOERISME TOER** (Oktobermaand)
- **AVONTUURKAMP: GR10**
- **KUIKENKAM: GR8**

AKADEMIE

INLEIDING

Akademie is die kernbesigheid van Hoërskool Schoonspruit. Ons beskik oor van die beste onderwysers in die provinsie en hulle uitslae beklemtoon hulle bekwaamheid.Ons leerders vaar altyd baie goed in die eindeksamen.

AANDAG: Persoonlikheids- en belangstellingstoetse word in graad 9 afgelê alvorens vakkeuses gemaak word.Dit is vir Hoërskool Schoonspruit baie belangrik dat gr.12's blootgestel word aan hoër onderwys instansies, sowel as ander instansies, wat na 'n beroep kan lei. Graad 12's word dedurend die jaar deur ongeveer 20 instansies besoek. Ouers kan ook insit tydens die besoeke. Leerders word bygestaan in hulle beurs- en toelatingsaansoeke tot hoër onderwys-instansies.Loopbaanskoue vind jaarliks plaas en die NWU se mini-opedag is gewild onder die leerders.

1. GRAAD 12 UITSLAE

Hoërskool Schoonspruit behaal gereeld 'n 100% slaagsyfer in die graad 12-eindeksamen. Dit is ons missie om soveel as moontlik leerders in graad 12 te kry en ons is trots op die groot hoeveelheid leerders wat wel graad 12 bereik. Daar is elke jaar Gr.12-leerders wat 'n voltal onderskeidings kry en van hulle studeer met beurse wat aan hulle toegeken is.

Jaarliks ken die NWU tussen 20 en 30 grade toe aan oud-Schoonies.

ROOSTER

Die skoolrooster is 'n 6-dag rooster. Die dae word in die huiswerkboekie aangedui, sodat daar nooit 'n misverstand kan wees oor watter dag dit is nie. Dag een kan dus op enige dag wees en dit sal wissel soos die jaar vorder.

Daar is 9 periodes per dag. Elke periode is tussen 30 tot 38 minute lank. Die tyd wissel na gelang van die jaar vorder. In die atletiektyd is dit soms korter en op ander tye is dit weer langer. Daar is een pouse van 30-35 minute.

2. UNIEKE VAKKEUSES

HOËRSKOOL SCHOONSPRUIT is die **ENIGSTE SKOOL** in **KLERKSDORP** wat die volgende **VIER (4) HOOFSTROOM-RIGTINGS** aanbied:

1	**NATUURWETENSKAPLIK**	Wiskunde Fisiese Wetenskappe Lewenswetenskappe Geografie
2	**EKONOMIES**	Wiskunde Rekeningkunde Besigheidstudies Toerisme
3	**GASVRYHEISTUDIES & TOERISME**	Gasvryheidstudies gekoppel met Geografie & Besigheidstudies en Toerisme. Rekeningkunde is 'n aanbeveling
4	**VOL TEGNIES**	Ingenieursgrafika & Ontwerp Tegniese Wiskunde / Wiskunde Tegniese Wetenskap / Fisiese Wetenskappe Siviele Tegnologie - Houtbewerking **of** Elektriese Tegnologie - Elektrisiënswerk **of** Meganiese Tegnologie – Kies een van Pas- & Masjinering of Motorwerktuigkunde

2.1 TEGNIESE STUDIERIGTING: INGENIEURSVAKKE

- **INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP**

- **SIVIELE TEGNOLOGIE** (Houtbewerking)
  Hierdie **kombinasie** gee leerders blootstelling aan **ingenieurswese** en die **boubedryf**. Siviele Ingenieurs is tans in aanvraag en leerders word in die arbeidsmark bevoordeel, indien hulle dit op skool geneem het.

- **ELEKTRIESE TEGNOLOGIE** (Elektrisiënswerk) behels die **basiese beginsels** van **wisselstroom elektrisiteit**. Dit stel die leerder in staat om die teorie en **praktyk van elektriese huis-installasie** onder die knie te kry.

- **MEGANIESE TEGNOLOGIE** (Pas- & Masjinering en Motorwerktuigkunde) behels die volgende drie onderafdelings:

  - **Ten eerste** word daar aandag gegee aan **sweis- en metaalwerk**.
  - **Tweedens** word daar **staaldraaibankwerk** sowel as **freesmasjienwerk** (Milling Machine) gedoen.
  - **'n Derde afdeling** is **motorwerktuigkunde**. Die leerder word bekendgestel aan die basiese werking van die binnebrandmotor, ratkaste, ewenaars, ens. Teen graad 11 kan hulle reeds 'n basiese diens doen.

Die SUIWER TEGNIESE STUDIERIGTING behels dat WISKUNDE EN FISIESE WETENSKAP* OF TEGNIESE WISKUNDE EN TEGNIESE WETENSKAP *saam met INGENIEURSGRAFIKA en –ONTWERP en 'n TEGNIESE VAK geneem word.

VAKKE
GRAAD 10, 11 & 12

VERPLIGTE VAKKE

- **AFRIKAANS HUISTAAL**
- **ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
- **WISKUNDE** (Algebra, Meetkunde en Trigonometrie)

OF

- **WISKUNDIGE GELETTERDHEID**

OF

- **TEGNIESE WISKUNDE**

ÉN

TEGNIESE WETENSKAP

- **LEWENSORIËNTERING**

} **VERPLIGTEND VIR TEGNIESE STUDIEVELD**

VAKKE
GRAAD 8 & 9

- **Taalgeletterdheid & Kommunikasie** [Afrikaans Huistaal & English First Additional Language]
- **Tegnologie**
- **Menslike- en Sosiale Wetenskappe**
- **Wiskunde**
- **Lewensoriëntering**
- **Natuurwetenskappe**
- **Skeppende Kunste**
- **Ekonomiese & Bestuurswetenskappe**

KIES DRIE (3) UIT ONDERSTAANDE:

• **LEWENSWETENSKAPPE:**	Plantkunde Dierkunde Fisiologie
• **FISIESE WETENSKAPPE:**	Fisika Chemie
• **GEOGRAFIE:**	Kaartwerk Geomorfologie Klimatologie Landelik / Stedelik
• **INLIGTINGSTEGNOLOGIE:**	Programmering
o **REKENINGKUNDE:**	Finansiële begrippe, Rekeningkundige praktyk en berekeninge, Boekstawing van transaksies van verskillende ondernemingsvorme. Ontleding en vertolking van finansiële state
• **BESIGHEIDSTUDIES:**	Ondernemingsfunksies, Sake-omgewings en Besigheidsektore
• **REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE:**	Rekenaarprogramme
• **TOERISME**	Toerisme- en ekotoerismebestuur en kliëntediens
• **GASVRYHEIDSTUDIES:**	Hotelbestuur, Kookkuns, Restaurantbestuur
• **INGENIEURSGRAFIKA EN –ONTWERP**	Tegniese Tekene
• **SIVIELE TEGNOLOGIE:**	Houtbewerking
• **ELEKTRIESE TEGNOLOGIE:**	Elektrisiënswerk
• **MEGANIESE TEGNOLOGIE:**	Pas & Masjinering

} **Tegniese leerders kies EEN spesialiseringsvak**

GELDE BETAALBAAR IN 2021

SKOOLFONDS 2021 (Onderhewig aan die goedkeuring van die ouers by die algemene jaarvergadering.)

Skoolfonds vir 2021 is op die 9ste November 2020 vasgestel op R1620 per maand vir 11 maande. Die skoolfonds word soos volg betaal:

- **R1620 met inskrywing** of so gou as moontlik **voor die skool sluit** in **2020**.Hierdie is die eerste paaiement en word van die totale skoolfonds afgetrek. Die **tweede paaiement** is **betaalbaar** aan die **einde** van **Januarie 2021** en daarna aan die einde van elke maand tot aan die einde van Oktober 2021.
- Alle leerders betaal die aanvangspaaiement, selfs al word daar vir korting aansoek gedoen.
- Kortingaansoeke moet self afgehaal word deur ouers en afgehandel wees teen 28 Februarie 2021. Die voorgeskrewe vorms is by die algemene kantoor beskikbaar by Mev. M.Harmzen Géén aansoekvorm sal verwerk word indien daar 2020 skoolfonds uitstaande is of 2021 se aanvangspaaiement nie betaal is nie.
- Merietebeurse (Afslag vir die leerder omdat hy/sy presteer het in graad 7) word in die afdeling oor merietebeurse behandel.

UITSONDERINGS:

- Waar daar drie leerders in een familie in die skool is, word daar net vir twee betaal.
- Indien u die skoolfonds ten volle vereffen voor 28 Februarie, kry u 10% korting

BELANGRIK OM TE ONTHOU:

- Graad 8's gaan op 'n verpligte oriënteringskamp. R400.00
- Schooniehemp is R300 en pet R45.
- Schoonieondersteunershemde se pryse is soos volg:
  - S-L R310
  - XL R320
  - 2XL R330
  - 3XL R350
- Busgeld (roetes) word apart gehef en daar is geen afslag nie omdat die skool self die busse onderhou.
- Daar is addisionele werkboeke. Sien die afdeling daaroor.
- Die Hoërskool Schoonspruit neem gereeld deel aan byeenkomste waar van busvervoer gebruik gemaak word.Begroot asb. vir busgeld.

BETALINGSMETODES:

- U kan die skoolfonds op die volgende maniere betaal:
- Per debietorder indien moontlik – u word versoek om dit asb. so te betaal.
- Kontant by die kassiere of kaartmasjien

FNB
Tjekrek nr 62205559307
Tak: 250053
Internetkode: 250655

- Internetoorbetaling – Hierdie is die goedkoopste vorm van betaling (maak asb. seker dat u u naam en Debieteurrekeningnr. as verwysing verskaf sodat die geld reg gepos kan word op u rekening)

Die SHS bankbesonderhede is soos volg:

Die volgende bedrae is onderhewig aan goedkeuring op die Algemene Jaarvergadering vir ouers in November. Boekpryse mag ook wissel.

- **WERKBOEKGELDE:**

Sekere vakke het spesiale werkboeke waarin die leerder werk. Hierdie werkboeke is die eiendom van die leerder en hulle skryf daarin. Die werkboeke het ook leermaterial in wat die leeder moet ken vir die eksamen.

Graad 8 en 9	:	Fisiese Wetenskap	-	R170
Graad 9	:	Rekeningkunde/ EBW	-	R140
Graad 10	:	Fisiese Wetenskap	-	R340
Graad 11	:	Fisiese Wetenskap	-	R340
Graad 12	:	Fisiese Wetenskap	-	R370
Graad 10	:	Tegniese Wiskunde	-	R50
Graad 10	:	Rekeningkunde	-	R200
Graad 11	:	Rekeningkunde	-	R180
Graad 12	:	Rekeningkunde	-	R200
Graad 10 - 12	:	I.G.O.	-	R230

PROJEKGELDE / VAKGELDE:

Sekere vakke het vakgelde tot gevolg: Hierdie is vakke wat nie ten volle deur die NWOD gesubsidieer word nie. In sommige gevalle word daar vir praktiese werk betaal omdat die leerder die model hou nadat dit geëvalueer is.

Graad 10 – 12	: Pas en Masjien	-	R270
Graad 10 – 12	: Meganiese Tegnologie	-	R270
Graad 10 – 12	: Elektriese Tegnologie	-	R270
Graad 10 – 12	: Houtbewerking	-	R270
Graad 10 – 12	: Motormeganika	-	R270
Graad 10 – 12	: Gasvryheidstudies	-	R270
Graad 10 – 12	: Tegniese Wetenskap	-	R170

- **GRAAD 8-KAMP** - R400 (sluit Schoonie-hemp in)
- **GR 9 AANLEGTOETSE** - R340 op 28 Mei 2021
- **SKOOLFONDS** - R1620 aanvangspaaiement
  10 paaiemente R 1620 per maand vanaf einde Januarie tot einde Oktober

GRAAD 12's:

- Matriekbaadjie – deposito R 250 per leerder totaal R420
- Matriekbalkie – R 47 per leerder

GRAAD 7's: ***Graad 7's se aanvangspaaiement / eerste verpligte skoolfondspaaiement is nie terugbetaalbaar nie***

AANVANGSPAAIEMENT / EERSTE VERPLIGTE SKOOLFONDSPAAIEMENT
WAT VOOR EINDE JULIE BETAAL WORD, KRY 50% AFSLAG; EN DIE WAT VOOR EINDE AUGUSTUS BETAAL WORD, KRY 30% AFSLAG
NB. INSKRYWINGSVORM MOET ASB. DIE BETALING VERGESEL.
Inskrywingsgeld is nie terug betaalbaar nie.